# VOORBIDDING:

Geroep Gewillig Gestuur



**Wêreld**: Benin, Ivoorkus en Togo. Slagoffers van terreur en geweld regoor die wêreld. Die Midde-Oosterse onstabiliteit en oorlog, die uitkringeffek daarvan op die res van die wêreld en die slagoffers weens aanvalle en teenaanvalle. Die beëindiging van die oorlog in Oekraïne en die slagoffers van beide Rusland en Oekraïne. Willem en Alla van der Colff en die werk wat hulle in Oekraïne doen. Ntsiuoa Tsemane en die werk wat sy in Malawi doen. Oplossings, planne en samewerking om aardverwarming se pas te vertraag en moontlik om te keer, asook om plastiekbesoedeling te verminder. Slagoffers van natuurrampe regoor die wêreld—ons bid veral vir die slagoffers van die gletserinstorting in Nepal en Tibet en die opruimingswerk.
**RSA & Dorp:** Wet en Orde—polisie en beskermingsdienste, veiligheidswagte, misdadigers en slagoffers. Al die uitdagings waarmee ons land sukkel in basiese onderwys sowel as verdere opleiding. Oplossings vir die hoë misdaadsyfers, veral misdade teen onskuldige kinders en kwesbares. Bendegeweld, taxigeweld en slagoffers en gevolge daarvan in gemeenskappe. Hoop vir mense in gemeenskappe wat onder erge droogte gebuk gaan. Oplossings vir ons land se energiekrisis asook water– en sanitasie uitdagings. Politieke stabiliteit in ons land en wysheid en samewerking in die regering van eenheid. Die provinsiale verkiesing in November.
**Gemeente & Kerk:** Lidmate wat treur, siek en verswak is en diegene onder behandeling en aan die herstel. Dankbaarheid vir God se sorg. Gehoorsaamheid aan ons missie: Geroep, Gewillig, Gestuur. ’n Geseënde 3de kwartaal vir huisgesinne. Dankbaar vir ‘n geseënde Barmhartigheidsmaand gedurende Augustus. Reëlings wat vlot verloop en entoesiasme vir ons Lentefees in September.
**Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar:** Nina Conradie (Wege) en Hermien Slabber (Milton Road, Somerset-Wes).




**Datum**: 17 September
**Kostes:** GEEN *(sorg net vir jou eie middagete – ons sorg wel vir ietsie kleins vir die pad)*
**Gaste is welkom!**
**Tyd**: Bus vertrek 09:00 vanaf die kerk *(meld 08:30 aan)*
**Terug**: rondom 15:00
**RSVP:** 14 September

## Huisgeloofblad vir gesinne

Gesinne wat ’n hulpmiddel soek om tuis saam te lees, gesels, doen en bid, is welkom om ’n Huisgeloofblad af te laai van ons webwerf (www.stelwel.co.za) of die DinkJeug-webwerf (www.dinkjeug.co.za), of kry die skakel in ons E-Nuus.

**Ons is ’n groen gemeente wat herwin!** In die vierkant by die houers, waar ons papier en glas herwin vir Huis Horison, is daar houers vir elektroniese en elektriese toerusting, asook vir energie-besparende gloeilampe, batterye en ou selfone.

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

# WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

## 6 September 2026

Koninkrykstyd

Jaartema: SORG

| | |
|---|---|
| Erediens & Kategese | 09:30 |
| Tema | Luister na God se stem |
| Skriflesing | Psalm 29 |
| Prediker | Christo Klopper |
| Kategese-samevatting | 10:30 - kinders gaan kerksaal toe vir ‘n kort samevatting |
| Koinonia Kafee | 10:30 - kuier verder saam in die vierkant met tee en koffie |
| Tienerbyeenkoms | 18:00 - ontmoet Elzanne in die leeskamer |

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is al vir meer as 200 jaar verantwoordelik vir die amptelike vertaling van die Bybel vir die kerk. Danksy die vertaalwerk, publikasie en Bybelverspreiding wat die BSA doen, is dit moontlik vir elke mens in SA om sy eie, volledige Bybel in sy eie taal te kan hê. **Om ‘n bydrae te maak vir Bybelverspreiding: Bybelgenootskap van Suid-Afrika; ABSA Santyger; Lopende Rekeningnr: 550 220 288; Takkode 632 005; Verwysing: Selnommer en Van.**



## Barmhartigheidsmaand: al die kos is uitgedeel!



Baie dankie aan elkeen wat gedurende Augustus bygedra het deur voedselitems vir die 31 DAE VAN GEE-projek te bring. Die 9 organisasies is elkeen oorvloedig geseën met produkte en ons kon selfs vir nog ’n organisasie van die sopbottels gee. Vir die volledige terugvoer en al die foto’s van die aflewerings, gaan loer op ons webwerf (*www.stelwel.co.za*) of lees die E-Nuus van Vrydag 4 September.

**Ons samel 185 sopbottels in (= 1 110 etes!) & 948 kositems!**

KOINONIA Kom drink ’n koppie tee of koffie by ons Koinonia Kafee in die vierkant ná die erediens en kuier nog ’n bietjie saam! Dankie aan die skinkers!

**ONS KANTOORURE is:** Maandae - Vrydae van 08:00 tot 13:00

**PROGRAM VIR DIE VOLGENDE WEEK: Maandag 07/09 tot Sondag 13/09**

| | | |
|---|---|---|
| Di 08/09 | 10:00 | **Biduur by La Cleménce:** in die klubhuis |
| Wo 09/09 | 09:30 - 10:30 | **Geloofsgroei Byeenkoms (konsistorie):** Almal is welkom! |
| Vr 11/09 | 08:00 tot laat | **Voorbereidings vir ons Lentefees:** kom meld aan en help om alles gereed te kry vir ons Lentefees. |
| Sa 12/09 | 08:30 - 09:30<br>09:30 - 14:00 | **Ons Lentefees:** kom stap saam in Dalsig. Troeteldiere aan leibande is ook welkom.<br>**Kom koop, werk, kuier en eet saam!**  |
| So 13/09 | <br>09:30<br>10:30<br>10:30<br>18:00<br>18:00 | **Koninkrykstyd**<br>**Erediens & Kategese:** Danie Goosen<br>**Kategese-samevatting**: in die kerksaal<br>**Koinonia Kafee & Kerkbiblioteek:** in die vierkant<br>**Tienerbyeenkoms**: ontmoet Elzanne in die leeskamer<br>**Diens by Bonheur:** Danie Goosen |



**Die deuroffer vandag gaan aan die Internasionale Studentebediening:** Internasionale Studentebediening reik uit na internasionale studente op ons dorp sodat hulle vriendskap sal ervaar van die plaaslike gelowiges en blootgestel word aan die Evangelie. Die kontakpersoon is Magdaleen Goosen (082 427 2924 / goosens@isales.co.za).

National Institute for the Deaf

Die deuroffer verlede week aan die Bediening aan Dowes en NID was R2 520. ***Baie dankie!***

Volgende week se deuroffer gaan aan Huis Horison.

HUIS HORISON

**Betaal met SNAPSCAN** (onthou om 'n verwysing in te tik.)



**Aangesien September tradisioneel ons Lentefeesmaand is en ons pas ons groot B-Aksie insameling gedurende Augustus gehad het, is daar nie spesifieke insamelings vir Barmhartigheid gedurende September nie.**

*Ons deuroffers gaan aan verskeie instansies, naamlik die Internasionale Studentebediening, Huis Horison, die Bediening aan Jode en Huis Ebenhaeser.*



## Verbly kinderhart met koek en klein presentjie

Jeuguitreik het 20 kinders wat nooit bederf word op hul verjaarsdae nie. Gee jou naam op by die kerkkantoor as jy op hierdie lysie van gemeentelede wil wees wat deur die loop van die jaar 'n koek en 'n presentjie op 'n kind se verjaarsdag wil skenk.

**Bankbesonderhede**
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149821/198765 Rekno: 149 8046 320

**NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen**
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za

## Alles wat jy moet weet vir vlg Saterdag se Lentefees!



Ons sien uit na ons Lentefees en hoop almal kan kom saam kuier. Dankie aan almal wat reeds produkte geskenk het, belowe het om te kom help en nog produkte en items gaan bring - ons waardeer alle skenkings en hulp!



* Ons handwerktafel spog al met die mooiste items en die tafel vir wit olifante het heelwat onontdekte juwele... onder andere hierdie pragtige stel! * Die potjiekosresepte is verfyn en die bobaas-koekresepte is afgestof! * Die Tombola-tafel het lekker verrassings vir die kinders en daar word 'n verskeidenheid speletjies beplan om hulle besig te hou! * ENIGE skenkings is steeds welkom en ALLE hulp ook! Skakel die kerkkantoor (021 886 5975) of die konvenor (hul selnommer en e-pos adres is op die Lentefeesplamflet wat in die wyke versprei is). * Ons benodig: gebakte produkte (soet en sout soos beskuit, koekies, kolwyntjies, terte, pasteie, worsrolletjies, grootkoeke en muffins), ingemaakte produkte, vars vrugte en groente, wyn, heuning, blomme, olyfolie, kaas, eiers, handwerk, potjiekos (genoeg vir 12 mense), bestanddele soos meel, olie, suiker, eiers , kondensmelk, versiersuiker en maalvleis, nog Tombola-geskenkies en lekkergoed vir die Kindertafel. * Indien jy jou gasstofie tydens die Lentefees kan afstaan vir gebruik deur die pannekoekbaksters en jaffle-makers, kontak asseblief die kerkkantoor (021 886 5975). * Koop betyds jou etekaartjies vir die potjiekos, braaivleis & slaai en spitbraai teen R120. * Nooi al jou vriende, bure, familie, kinders en kleinkinders en kom geniet 'n heerlike oggend van samesyn! * **Ons Lenteloop begin om 08:30 vanaf die groot parkeerarea - oud en jonk, fikses en onfikses, tweebeniges en vierpotiges - almal is welkom! Danie Goosen neem die voortou - hy het belowe hy sal dit rustig vat sodat almal kan byhou! * Verkope by die tafels begin rondom 09:30 en ook al die speletjies, pret en plesier vir die kinders. * Ons sorg ook vir vermaak - die *Maroon Mafia Band* van Paul Roos Gimnasium gaan sorg vir lekker musiek (onder die afdak), daar gaan 'n hondevertoning wees (op die grasperk langs die parkeerarea) en ook 'n Kogelberg natuurpraatjie (in die leeskamer).**



*Kom kuier lekker saam!*



## Etekaartjies vir ons Lentefees

Etekaartjies teen R120 per persoon is gedurende die week by die kerkkantoor te koop en ook vandag ná die erediens in die vierkant. Jou keuse is potjiekos en rys, braaivleis (2 lamstjoppies, wors en 2 slaaie) of lamsvleis op die spit (met drie bykosse). Kom koop betyds om teleurstelling te voorkom!

**Is jy nuut by ons?** Kom gerus ná die diens na voor waar die predikant jou sal ontmoet en help met nuwe lidmate vorms en 'n "welkompakkie". Kom drink ook saam koffie of tee in die vierkant by ons Koinonia Kafee in die vierkant - ons sal graag wil kennis maak!